**BRON A WEBBLAD**

GIRAFFEMANOR
nairobi

TUIS VERBLYF ONDERVINDING VOETSPOOR WINKEL ONS

## Die mees onvergeetlike kluitklap-lys ontbyt in die wêreld







## GIRAFFE MANOR

Giraffe Manor is 'n eksklusiewe boetiekhotel wat besit word deur *The Safari Collection.* Dit is een van die mees unieke plekke in die wêreld om in te bly, Giraffe Manor vermeng buitengewone interaksie met wildlewe en uitstaande gasvryheid en 'n langtermyn verbintenis tot die bewaring van kameelperde. Die historiese herehuis is geleë op private eiendom van 12 hektaar binne 'n 140 hektaar area van inheemse woude in die Langata voorstad van Nairobi en is een van Nairobi se mees ikoniese geboue. Dit het 'n uitmuntende voorkoms wat terugdateer uit die 1930's toe besoekers die eerste keer na Oos-Afrika gestroom het om safari's te onderneem. Met sy statige fasade, elegante interieur, welige tuine, sonnige terrasse en lieflike binnehowe, merk gaste dikwels op dat dit voel of hulle in die film *Out of Africa*, inloop – inderdaad is een van die twaalf kamers vernoem na die aktrise, Karen Blixen.

Een van die mees fassinerende gebeure by Giraffe Manor is die inwoners-trop van die Rothschild's kameelperde wat elke oggend en aand kan besoek aflê en hul lang nekke deur die venster steek in die hoop vir 'n verrassing, voordat hul weer terugkeer na hul heiligdom in die woud. Die Rothschild's spesie van kameelperde was eens hoogs bedreigd maar Giraffe Manor is lank reeds deel van die aanteelprogram wat die getalle in die natuur suksesvol laat groei het. Giraffe Manor kan bespreek word vir een nag of as deel van 'n pasgemaakte Kenia safari-pakket met *The Safari Collection.*



## Aktiwiteite


Van interaksie met die wêreld se langste soogdier tot blootstelling aan die plaaslike kultuur, daar is baie om jou te vermaak gedurende jou besoek, beide binne die herehuis se gronde en in die plaaslike omgewing

MORE >

[Bron: <https://www.thesafaircollection.com/properties/giraffe-manor/>]

IEB Copyright © 2024 

## BRON B ORGANOGRAM




[Bron: www.setupmyhotel.com]

## BRON C VOLHOUBAARHEID

Volhoubaarheid is 'n kern deel van ons etos en ons prioritiseer omgewingsbewuste bedrywighede as deel van alles wat ons doen. Deur ons Voetspoorstigting ondersteun ons 'n verskeidenheid bewarings- en gemeenskapsverrykings pogings, waaroor jy hier kan lees.

DEURDAGTE VOEDSEL

Ons passie vir die beskerming van die planeet vir toekomstige geslagte sluit in die omgewingsimpak van die heerlike en gesonde kos wat ons aan ons gaste bied. Wat ons eet, het nie net 'n impak op ons persoonlike gesondheid nie, maar ook op die gesondheid van ons planeet. Daarom hou ons daarvan om presies te weet waar ons kos vandaan kom. Lae impak op die omgewing, maar hoë impak op die smaakknoppies!

Alles wat ons koop is PALMOLIE-VRY.

**WEET JY?**

In vergelyking met ander vloeibare olies is palmolie relatief hoog in versadigde vette. Palmolie bevat ongeveer 49% versadigde vette, terwyl olyfolie minder as die helfte daarvan is.

[Bron: <https://www.thesafaricollection.com>]

IEB Copyright © 2024

## BRON D HIGIËNE

Die begin van Kenia se voortdurende cholera uitbraak is tydens 'n huweliksfees in Oktober 2022 opgespoor. Cholera kan vinnig versprei. Binne 'n maand is 155 cholera-gevalle alleen in die Nairobi Graafskap aangeteken, die tweede hoogste syfer vir enige distrik regoor die land.

Kommer heers veral rondom Nairobi se informele nedersettings.

Geleë net 7 km buite Nairobi se sentrale sakekern, is Kibera 'n lewendige en digbevolkte tuiste vir 'n geskatte 60% van Nairobi se hele bevolking.

Die gesondheidsrisiko's verbonde aan onbeheerde menslike afval is massief.

Teen die einde van Maart 2023 het die Ministerie van Gesondheid minstens 7 800 gevalle en 122 sterftes regoor die land bevestig, waarvan 1 196 van die pasiënte van Nairobi Graafskap was.

[Bron: <https://www.gavi.org/vaccineswork/averting-cholera-disaster-nairobis-informal-settlements>]

## BRON E GRADERING

**Giraffe Manor Gegradeer onder die Wêreld Top Drie Unieke Hotelle**

**Giraffe Manor, een van die beste hotelle in Afrika, skud nou die gasvryheidsindustrie wêreldwyd saam met ander instansies van Dubai en Singapoer.**

UK se voorste tydskrif, *Luxury Lifestyle*, het die fasiliteit onder drie unieke hotelle saam met Marina Bay Sands in Singapoer en Atlantis The Palm in Dubai gegradeer.

Die hotel beslaan 12 hektaar privaat grond binne 140 hektaar inheemse woud in die Langata-voorstad Nairobi en word dikwels na verwys as een van die mees *Instagrammed*-plekke ter wêreld.

Die Manor word deurgaans onder die beste hotelle ter wêreld gereken en oorheers steeds oral in akkommodasie, ligging, kos, diens sowel as waarde vir kliënte.




[Bron: <https://www.kenyans.co.ke/news/80538-giraffe-manor-ranked-worlds-top-three-unique-hotels>]